Sterkfontein Bell's 2008

Nuusbrief

Dawie Ras

Uitgawe 2, 2009

Verlede November was ek gelukkig om die "The Complete Fly Fisherman Bell's Sterkfontein Experience 2008" by die Sterkfonteindam by te woon. Die geleentheid het amptelik die Vrydag oggend afgeskop met registrasie, koffie en beskuit waarna deelnemers in groepe van ongeveer 5 verdeel is en met bote na verskillende plekke op die dam geneem is. Elke groep het sy eie professionele gids gehad. Die eerste dag het ons groep vir Keith Clover as gids gehad, die tweede dag vir PJ Jacobs en die derde dag vir Ian Couyrier. Elkeen van hierdie ouens is uniek en dit was 'n lekker ondervinding om van elkeen van hulle te leer en hulle onderskeie sienings oor die fynere kunsies van uitoorlegging van geelvis te hoor.

Die Vrydag aand het Keith Clover 'n praatjie aangebied oor vlieghengel safaris vir trofee tiervisse. Die Saterdag aand was die prysuitdeling, wat die gewone gelukstrekking behels het. Wat egter verskil van ons eie Bell's fees, is die feit dat hulle die top prys toegeken het aan die "Beste Hengelaar van die Geleentheid" wat deur die gidse onderling bepaal is.

Meer oor die dam: Vat Taungdam, maak dit so drie keer dieper, so vyf keer groter, die weer dubbeld so onvoorspelbaar, die water dalk 'n bietjie skoner, vat die meeste van die swarthaak bosse weg, vat al die skelms wat by jou motor inbreek weg, sit 'n klomp meter bo seevlak by, trek 'n paar grade Celcius watertemperatuur af en jy het Sterkfonteindam. Wel, naastenby. Daar word hoofsaaklik vir kleinbek geelvis gehengel. 'n Tyd gelede was daar wel grootbek geelvisse in die dam vrygelaat, maar hulle is baie skaars en word selde gevang. Soms sal jy swartbaars sien, maar hulle is aan die kleinerige kant – seker as gevolg van die koue. Karp, baber, moggel en onderbekke is volop.

Jy kan die dam slegs effektief hengel as jy 'n goeie, veilige boot het. As die wind opkom (gewoonlik daagliks vanaf so 15h00), raak die water rof met massiewe deinings. Daar is selfs 'n plek met die naam "grave-yard". Baie bote het daar gesink. 'n Boot is nodig om hengelplekke te bereik en om te verskuif na meer produktiewe plekke. Mens loop teen die hange van die heuwels op soek na die visse. Jy kan wel te voet van die oord af hengel, maar jou opsies is baie beperk.

Hengelgerei: Vinnige aksie, 9vt, 5wt stok met 'n dryflyn. Leader/tippet kombinasie: Die langste wat

jy kan hanteer, 4X tot 5X. Los maar die 12lb mono vir die grootbekke by die huis, hierdie visse is hiper versigtig en skrik vir dik lyn. Dit help as jou katrol ‘n goeie “smooth drag” het aangesien ‘n 1,5kg kleinbek met ‘n sprinkaan wat steek in sy bek baie sterk en vinnig wegvlie – en dit op 5X tippet. Vra my, seker ses visse het my so afgebreek.

Tegnieke: Dis soos jag. Net lekkerder, want jy kan dit oor en oor doen en jy betaal nie vir die gekwesde visse met jou DDD in sy bolip nie. Dit is sighengel op sy beste en bykans 100% van die tyd gooi jy droë vlieë. Die kuns is om die vis te sien voor hy jou sien, want as jy jou gesien het, sal hy verseker nie jou vlieg vat nie. Hulle is baie slimmer as swartbaars!

Jy kan die visse voorlê. Kry vir jou ‘n verskuilde posisie waar jy ‘n goeie uitsig oor die water het. Handhaaf ‘n lae profiel en wag vir visse wat verby swem.
Andersins kan jy visse bekruip, weereens handhaaf ‘n lae profiel met stadige bewegings. Soms vorm die wind ‘n skuimlyn waarin insekte vasgevang is. As jy dit vind, het jy die pot goud aan die einde van die Sterkies reënboog! Gooi jou droë vlieg daar en jy het vet pret!

Ander fynere tegnieke is om ‘n “dropper” onderaan ‘n droë vlieg te sit. ‘n Mayfly nimf of selfs ‘n caddis kan dalk die ding doen. Baie keer trek die plons van die vlieg in die water die vis se aandag en dit kom kyk en as dit lyk of hy die vlieg vat, moet jy dadelik (versigtig) vasmaak anders is dit te laat.

By die dam kom ‘n soort kewer voor wat baie gewild is onder die geelvis bevolking en gevolglik is ‘n baie effektiewe “Sterkfontein Beetle” droë vlieg ontwikkel. Gary le Grange het ses visse na mekaar op een plek op dieselfde Sterkies beetle gevang. Ander vlieë wat ook goed werk is #12 “hoppers”, Elk Hair Caddis #14, PTN en GRHE in #14 en #16, ens.

Dit is een ding om #4 Woollies in die Vaal te gooi en as meneer grootbek hom vat en laat waai, trek jy hom “lat sy tanne pyn” – maar hierdie besigheid? Die hele naweek het ek net een vis geland. Ek het talle visse gemis en talle het my summier afgebreek. Ek glo die ondervinding wat mens hier opdoen ten opsigte van sighengel kan baie suksesvol op ons eie Taungdam toegepas word.

Elke vlieghengel fees is uniek, maar het dieselfde ding in gemeen: Jy het ‘n fantastiese tyd saam met fantastiese ouens.

(Foto’s goedgunstiglik geneem en verskaf deur Gary le Grange)

In ons volgende uitgawe:

Terugvoer oor die YWG konferensie wat aan die begin van Maart 2009 by Sterkfontein gehou is.

Hengelgroete tot volgende keer…